

Woensdag 2 Februarie

Skrifgedeelte: Psalm 8

Fokusgedeelte: Psalm 8:1, 10

Verwondering oor die Here, jou Skepper

Psalm 8 maak 'n lofpsalm in ons almal wakker. Wanneer ons die mooie en die wonder van God se skepping beleef, vervul dit ons met verwondering vir God. God gebruik Dawid om ons verder as die mooie te laat kyk, na Hom toe.

God is die een wat die mooie uit niks gemaak het. Hy is die een wat alles so haarfyn beplan het en vandag nog bestuur. Wanneer jy 'n pragtige sonsondergang beleef en jy onder die indruk kom van hoe ondenkbaar groot die sterrehemel is; wanneer jy die asemrowende krag van die see ondervind; die grootsheid en die standvastigheid van die Drakensberge jou asem wegslaan; wanneer jy die wysheid in die balans van die ekologie besef en jy in verwondering staan oor die verskeidenheid, die kleure en geure, die klein en die groot – dan sing jy spontaan soos Dawid: “Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde ...”

Soos jy in verwondering staan oor God, dring dit jou ook tot nederigheid. Wie is ek dat God my sy kind noem, dat Christus bereid was om my sonde op Hom te neem en dat die Heilige Gees in my woon! Dat ek die kroon van sy skepping is! Wat 'n wonderlike voorreg. Ek mag en moet die skepping oppas, daarvoor heers, dit bewerk en bewaar.

Psalm 8 laat jou in verwondering staan oor jou God, sy liefde vir jou en jou roeping om met verantwoordelikheid met sy skepping om te gaan.

Sing: Psalm 8-1:1, 3, 5, 7

Ds. JP du P Aucamp (Johannes) (Rietvallei)